# 15 Augustus 2023 - Lesing 100 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Nood en angs van die mens JaHshua **–** 9/2/59

**NO: 7278** Vir My (JaHshua) was die weg oor die aarde as mens ook somtyds swaar gewees, want Ek was aan dieselfde wette onderworpe as julle mense. Ek moes teen **dieselfde swakhede en versoekings** stry. En dit was nie altyd maklik om dit die hoof te bied nie, ofskoon My Hart vervul was met liefde en die goddelike krag My daarom ook deurstroom het wanneer Ek dit benodig het. Maar tye van geestelike nood behoort ook tot My lewensweg. En sou Ek dit ook nie gevoel het soos julle nie, **dan sou Ek ook nie 'mens' gewees het soos julle nie.**

My siel moes die proses van vergeesteliking op aarde deurmaak, wat na die volkome vereniging met die Vader gelei het, dus na **'n volledige eenwording met Hom.** My siel was wel van bo, maar sy het vlees aangeneem van die aarde met **alle onryp substansies**, waaruit elke materiële omhulsel eintlik bestaan.

En al hierdie substansies moes hulself vergeestelik, want die liggaam het met sy wense en begeertes uitermate op die Siel ingewerk, wie haarself nie van hierdie versoekings kon onttrek nie, maar daarteen moes standhou, soos dit ook die siel van die mense tot taak gestel is, wat die weg van die navolging van JaHshua wil gaan om vry te word van sonde en dood.

Maar dit was sware gevegte wat Ek moes deurstaan het. En My gang oor die aarde het dikwels soos 'n enorme groot las op My gedruk en wou My laat aarsel of Ek ooit hierdie weg tot die einde toe sou kon gaan. **Maar uit die liefde het Ek steeds krag geput.**

Want Ek het kragtens My liefde en haar uitwerking ook die swaar weg gekies wat Ek moes gaan. Ek het My lyding en sterwe aan die kruis vooruit gesien. En Ek het ook die geestestoestand van die mense gesien wat My aan die kruis genael het.

En tog moes Ek My weg verder gaan tot aan die einde.

Ek moes steeds probeer om My angste en swakhede te bemeester en aan die Vader vasklou, sodat Hy My kon versterk in elke nood van die liggaam en die siel. Want Ek het al hierdie nood ondergaan **net soos julle**, en nog veel sterker, omdat die lewe te midde van die sondige mensdom al 'n kwelling was vir My, Wie in alle suiwerheid onder diegene gewandel het vir wie Ek wou ly en sterf.

Maar hoe ryper My liggaam geword het, hoe inniger My siel die aaneensluiting met die Vader gevind het Wie in My was, des te duideliker het ook My missie geword, wat Ek wel as Mens begin het, maar as God beëindig het en wat Ek ten einde kon bring, omdat die **krag in My voortdurend toegeneem het**, en ook die **liefde vir die ongelukkige mensdom groter geword het,** hoe nader Ek aan die einde gekom het.

**Die Liefde was die Krag** wat My die verlossingswerk laat verwesenlik het. Die Liefde was die Vader in My, Wie se wil Ek wou vervul om My gevalle broeders te help. Ek het My weg oor die aarde bewustelik gegaan. In die begin was daar slegs vae voorgevoelens en soms heldere gedagtes en innerlike waarnemings.

Maar hoe meer die vergeesteliking in My plaasgevind het, des te duideliker het die verlossingsplan My voor oë gestaan, waarvoor Ek uit die Ligryk neergedaal het na die aarde.

Maar solank daar nog iets menslik aan My liggaam gekleef het, moes Ek **ook menslike lyding en menslike kwellings verdra,** waarby nie in die laaste plek nie, die **innerlike benouenisse** behoort het om nie vir My taak opgewasse te wees nie.

Want Ek het geweet wat dit sou beteken as Ek sou faal in die stryd teen hom, wat julle allervyand was en is en sal bly vir nog ewighede deur. **Maar Ek het die oorwinning oor hom behaal.** Ek het die stryd aangegaan met ontsettende pyne en onuitspreeklike lyding.

En Ek het steeds sterker geword, omdat My liefde ook steeds meer toegeneem het, vir julle wat sou moes ly totdat julle vry geword het van hom en sy mag. My krag het toegeneem soos My liefde toegeneem het.

En so weet julle mense ook dat julle **alleen uit die liefde krag kan put vir julle taak op aarde.** Want My teenstander sal steeds probeer om julle swakker te maak, deurdat hy julle sal aanspoor tot **liefdeloosheid**, deurdat hy julle op elke manier sal wil verhinder om werke van liefde te verrig, **om julle swak te hou**.

Maar dink dan aan My, dat Ek ook geworstel het teen hom, dat hy ook gepoog het om My te verswak deur angste en bange vrae, of Ek die krag sou kon hê vir My taak. En wend julle dan **slegs na My**, sodat Ek julle kan help en sterker maak teen die vyand van julle siel en dat Ek julle krag kan gee vir elke stryd om te bestaan, hetsy van aardse of geestelike aard.

En julle sal nie tevergeefs vra nie, **want wie My aanroep in sy nood, hom sal Ek ook waarlik verhoor**. Amein.